(1) Geen werkgewer mag vereis of toelaat dat enigeen van sy werknemers werk in die motornywerheid elders as in sy inrigting onderneem nie, behalwe wanneer sodanige werk verrig word ter uitvoering of voltooiing van 'n bestelling wat by sodanige werkgewer geplaas is.

(2) Geen werknemer mag behalwe soos bepaal in subartikel (1) enige werk in die motornywerheid onderneem of verrig nie; met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is op werk wat deur 'n werknemer verrig word aan 'n voertuig in sy besit nie.

15. Bestaande kontrakte.

(1) Enige dienskontrak wat geldig is op die datum waarop hierdie Ooreenkoms van krag word, is aan die bepalings van hierdie Ooreenkoms onderworpe.

(2) Enige werknemer wat op die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree lone ontvang of onder voorwaardes werksaam is wat vir hom gunstiger is as dié wat in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, moet voortgaan om sodanige lone te ontvang en sodanige voorwaardes te geniet solank as hy in diens by dieselfde werkgewer bly.

16. Vertoning van Ooreenkoms, Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, en kennisgewings.

(1) Elke werkgewer moet op 'n duidelik sigbare plek in sy inrigting wat maklik toeganklik is vir sy werknemers onderstaande opplak en opgeplak hou:—

(*a*) 'n Leesbare kopie van hierdie Ooreenkoms in albei amptelike tale en in die vorm voorgeskryf in die regulasies ingevolge die Wet;

(*b*) 'n kennisgewing of kennisgewings in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel "B" van hierdie Ooreenkoms wat die begin- en ophoutyd van werk vir elke dag van die week spesifiseer;

(*c*) onderstaande kennisgewings (in leesbare skrif en in albei amptelike tale) wat Aanhangsels is van die regulasies bekendgemaak kragtens die Nywerheid-versoeningswet, 1937:—

Aanhangsel I.C. 16.—Samevattings van bepaalde artikels van die Wet;

Aanhangsel I.C. 17.—Amptelike adres van Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, en amptelike adres van die Sekretaris van die Raad; en

Aanhangsel I.C. 19.—Tyd en plek van betaling van besoldiging;

(*d*) kennisgewing 'n samevatting te wees van prosedure vasgestel ingevolge die Werksmense Skadeloosstelling Wet, No. 59 van 1934.

(2) 'n Kopie van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, soos bepaal by regulasie 6 (1) van genoemde Wet.

17. Ledegelde aan vakvereniging en werkgewersorganisasie.

Elke werkgewer moet van die weekloon van elk van sy werknemers wat lede is van die "Motor Industry Employees' Union of South Africa", en wat onder hierdie Ooreenkoms val, die bedrag van die ledegelde, deur sodanige werknemers aan die vakvereniging betaalbaar, aftrek en moet die bedrag aldus afgetrek nie later nie as die tiende dag van elke maand, tesame met die vorm voorgeskryf in Aanhangsel "A" aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 65, Oos-Londen, stuur.

18. Lidmaatskap van vakvereniging en werkgewersorganisasie.

(1) Geen lid van die "Motor Industry Employees' Union of South Africa" mag by enige werkgewer, wat nie 'n lid van die "South African Motor Industry Employers' Association" is, in diens tree nie, en geen lid van die organisasie mag enige werknemer, wat nie 'n lid van die vereniging is, in diens neem nie; met dien verstande dat hierdie subartikel nie van toepassing is nie op persone wat na mening van die Raad lidmaatskap tot 'n party by hierdie Ooreenkoms sonder redelike oorsaak geweier is en die applikant sodanige weiering binne een-en-twintig dae daarna aan die Raad gerapporteer het.

(2) Lidmaatskap van die "Motor Industry Employees' Union of South Africa" word bewys deur vertoning van 'n lidmaatskapkaart vir die lopende jaar, behoorlik onderteken deur die Sekretaris van daardie Raad.

(3) Die bepalings van hierdie artikel is nie op arbeiders van toepassing nie.

19. Verbod op indiensneming van vrouens.

Geen werkgewer mag vereis of toelaat dat 'n vroulike werknemer die werk van 'n diensbeampte of 'n arbeider soos bepaal in hierdie Ooreenkoms, verrig nie.

20. Verbod op indiensneming van persone onder vyftien.

'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat enige persoon onder die ouderdom van 15 jaar enige werk in sy besigheid verrig as sodanige werk binne die woordbepaling van die "Motornywerheid" val soos bepaal in hierdie Ooreenkoms.

21. Verbod op stukwerk.

'n Werkgewer mag nie vereis of toelaat dat enige van sy werknemers stukwerk verrig nie.

22. Registration.

(1) Every employer engaged in the industry shall, unless he has already done so, within one month of the date on which this Agreement comes into operation, and every employer who starts to engage in the industry during the currency of this Agreement shall, within one month of commencing business, forward to the Secretary of the Council, P.O. Box 65, East London, a statement showing—

(*a*) the employer's name;

(*b*) the employer's business address;

(*c*) the address of the establishment;

(*d*) in respect of each of his employees—

(i) full name;

(ii) occupation;

(iii) wages paid to such employee.

(2) Every employer shall notify the Secretary of the Council of any change in the particulars required to be furnished by him in terms of sub-section (1) within one month of such changes taking place.

23. Council Funds.

(1) The funds of the Council, which shall be vested in and administered by the Council, shall be provided in the following manner:—

6d. per week shall be deducted by each employer from the earnings of each of his employees falling under section 4 (1) (*a*) and (*b*).

(2) To the amount thus deducted the employer shall add an equal amount and forward the total sum, together with a covering letter in the form prescribed in Annexure "A", to the Secretary of the Council, P.O. Box 65, East London, not later than the tenth day of each month.

24. Agents.

The Council shall appoint one or more specified persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement, and it shall be the duty of every employer and every employee to permit such agents to institute such enquiries and to examine such books and/or documents, and to interrogate such persons as may be necessary for the purpose of ascertaining whether the provisions of this Agreement are being observed.

25. Employees' Representatives on the Council.

Employees' representatives on the Council shall be given every reasonable facility by their employers to attend to their duties in connection with meetings of the Council.

26. Exemptions.

(1) The Council may for any good and sufficient reason grant exemption to any employer and/or employee from any of the provisions of this Agreement, provided that exemption shall not be granted to an employee immediately upon completion of his apprenticeship, at wages lower than, for the first three months 60 per cent., for the second three months 70 per cent., for the third three months 80 per cent., for the fourth three months 90 per cent. of the wages laid down in sub-section (1) (*a*) or (*b*) of section 4 of this Agreement for an employee of his class; nor shall the period of exemption in such cases exceed one year.

(2) The Council shall fix in respect of any person granted exemption under the provisions of sub-section (1) of this section, the conditions subject to which such exemption is granted and the period during which such exemption shall operate, provided that the Council may, if it deems fit, after one week's notice in writing has been given to the person concerned withdraw any licence of exemption whether or not the period for which exemption was granted has expired.

(3) The Secretary to the Council shall issue to every person granted exemption in accordance with the provisions of sub-section (1) of this section a licence of exemption signed by the Chairman and the Secretary of the Council, setting out—

(*a*) the full name of the person concerned;

(*b*) the provisions of the Agreement from which exemption is granted;

(*c*) the conditions fixed in accordance with the provisions of sub-section (2) of this section, subject to which such licence is granted; and

(*d*) the period for which the licence shall operate.

(4) Every employer and every employee to whom a licence of exemption is granted in terms of this section shall comply with every condition fixed by the Council in respect of such licence.

(5) The Secretary to the Council shall—

(*a*) number consecutively all licences issued;

(*b*) retain a copy of each licences issued;

(*c*) where exemption is granted to an employee, forward a copy of the licence to the employer concerned.

27. Records to be Kept.

Every employer shall keep in the form prescribed by regulations under the Act, a record of wages and overtime paid and time worked by each of his employees. All entries shall be in ink and retained for three years.

22. Registrasie.

(1) Elke werkgewer wat die nywerheid beoefen moet, tensy hy dit alreeds gedoen het, binne een maand na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree en elke werkgewer wat gedurende die loop van hierdie Ooreenkoms besigheid in die nywerheid begin, moet binne een maand na die datum waarop sy werksaamhede 'n aanvang neem, aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 65, Oos-Londen, 'n staat stuur waarin onderstaande besonderhede vermeld word:—

(*a*) Die werkgewer se naam;

(*b*) die werkgewer se besigheidsadres;

(*c*) die adres van die inrigting;

(*d*) ten opsigte van elk van sy werknemers—

(i) volle naam;

(ii) beroep;

(iii) lone aan sodanige werknemer betaal.

(2) Elke werkgewer moet die Sekretaris van die Raad in kennis stel van enige verandering in die besonderhede wat hy moet verstrek ingevolge subartikel (i) binne een maand nadat sodanige verandering plaasvind.

23. Fondse van die Raad.

(1) Vir die fondse waaroor die Raad beskik, en wat by die Raad berus en deur die Raad beheer word, moet as volg voorsiening gemaak word:—

Elke werkgewer moet van die verdienste van elk van sy werknemers wat onder artikel 4 (1) (*a*) en (*b*) val, ses pennies per week aftrek.

(2) Die werkgewer moet by die bedrag aldus afgetrek, 'n gelyke bedrag voeg en die totale bedrag tesame met 'n dekkende brief, in die vorm in Aanhangsel "A" voorgeskryf, nie later nie as die tiende dag van elke maand aan die Sekretaris van die Raad, Posbus 65, Oos-Londen, stuur.

24. Agente.

Die Raad moet een of meer bepaalde persone as agente aanstel om by die uitvoering van die bepalings van hierdie Ooreenkoms behulpsaam te wees en elke werkgewer en werknemer is verplig om sodanige agente toe te laat om sodanige ondersoek in te stel en sodanige boeke en/of geskrifte na te sien, en sodanige persone te ondervra as wat nodig mag wees ten einde vas te stel of die bepalings van hierdie Ooreenkoms nagekom word.

25. Verteenwoordigers van werknemers op die Raad.

Werknemers moet aan die verteenwoordigers van werknemers op die Raad alle redelike fasiliteite verleen om hul pligte in verband met vergaderings van die Raad, waar te neem.

26. Vrystelling.

(1) Die Raad kan om enige goeie en voldoende rede van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms vrystelling verleen aan werkgewers en/of werknemers, met dien verstande dat vrystelling nie aan 'n werknemer verleen mag word onmiddellik na hy sy vakleerlingskap voltooi het, teen 'n laer loon vir die eerste drie maande as 60 persent, vir die tweede drie maande as 70 persent, vir die derde drie maande as 80 persent en vir die vierde drie maande as 90 persent van die loon wat in subartikel (1) (*a*) of (*b*) van artikel 4 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf is, vir 'n werknemer van sy kategorie nie; ook mag die tydperk van vrystelling in sodanige gevalle nie langer as een jaar wees nie.

(2) Die Raad moet, ten opsigte van enige persoon aan wie ingevolge die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel vrystelling verleen word, die voorwaardes waarop sodanige vrystelling verleen word en die termyn waarvoor sodanige vrystelling geldig is, bepaal, met dien verstande dat die Raad, na goeddunke en nadat een week vooraf aan die betrokke persoon skriftelik kennis gegee is, enige vrystellingsertifikaat kan intrek of die termyn waarvoor vrystelling verleen was, verstryk het of nie.

(3) Die Sekretaris van die Raad moet aan elke persoon aan wie in ooreenstemming met die bepalings van subartikel (1) van hierdie artikel vrystelling verleen word 'n vrystellingsertifikaat onderteken en deur die Voorsitter en die Sekretaris van die Raad uitreik, waarin vermeld word—

(*a*) die volle naam van die betrokke persoon;

(*b*) die bepalings van die Ooreenkoms waarvan vrystelling verleen word;

(*c*) die voorwaardes vasgestel in ooreenstemming met die bepalings van subartikel (2) van hierdie artikel waarop sodanige vrystelling verleen word; en

(*d*) die termyn waarvoor die vrystelling geldig is.

(4) Elke werkgewer en elke werknemer aan wie 'n vrystellingsertifikaat ingevolge hierdie artikel verleen is, moet aan elke voorwaarde voldoen wat deur die Raad ten opsigte van sodanige sertifikaat vasgestel is.

(5) Die Sekretaris van die Raad moet—

(*a*) alle sertifikate wat uitgereik word in volgorde nommer;

(*b*) van elke uitgereikte sertifikaat 'n afskrif behou; en

(*c*) indien aan 'n werknemer vrystelling verleen word, 'n afskrif van die sertifikaat aan die betrokke werkgewer stuur.

27. State wat gehou moet word.

Elke werkgewer moet in die vorm voorgeskryf in die regulasies van die Wet 'n staat hou van lone en oortyd wat betaal is en die tyd wat deur elk van sy werknemers gewerk word. Alle inskrywings moet met ink gedoen word en moet vir drie jaar behou word.

28. PRESUMPTION.

An employee shall be deemed to be working in the employment of an employer, in addition to any period during which he is actually so working—

(*a*) during any period during which, in accordance with the requirements of his employer, he is present upon or in any establishment;

(*b*) during any other period during which he is present upon or in such establishment;

(*c*) during any period during which he is in charge of any vehicle used in the Industry, whether or not it is being driven;

provided that if it is proved during what portion of any such period as is referred to in paragraph (*b*) or (*c*) any such employee actually worked in his employment, the presumption established by this sub-section shall not apply in respect of that employee in relation to that period.

29. ADMINISTRATION OF AGREEMENT.

The Council shall be the body responsible for the administration of this Agreement, and may issue expressions of opinion not inconsistent with its provisions for the guidance of employers and employees.

30. SUB-LETTING OF PREMISES.

(1) No employer shall cause or permit any portion of the premises occupied by him in which he is conducting or has conducted any work in the Motor Industry to be sub-let to any other person for the purpose of such person engaging in any work connected with the Motor Industry without the previous consent of the Council having been obtained.

(2) Wherever at the date of publication of this Agreement any employer has so sub-let any portion of the premises occupied by him to any other person engaging in the Motor Industry, such employer shall notify the Council within 30 days, making application for the Council's consent.

(3) The consent of the Council referred to in this section may be given or withheld at its discretion.

31. TERMINATION OF EMPLOYMENT.

No less than one clear working day's notice shall be given by an employer or an employee to terminate a contract of service, provided that this shall not affect—

(*a*) the right of an employee or an employer to terminate the contract of service without notice for any good cause recognised by law as sufficient;

(*b*) any agreement between the employer and employee providing for a longer period of notice than one day; if the period is the same for both employer and employee;

provided, however, that an employer may pay to an employee, in cash, the equivalent of the period of notice.

32. TRADING HOURS.

(1) No employer shall cause or permit his establishment to remain open for business specified to fall within the definition of the Motor Industry between the hours of 6.15 p.m. and 8 a.m. on any day from Mondays to Fridays inclusive, or between 12 noon on Saturdays and 8 a.m. on Mondays, provided that nothing in this section shall prevent an employer—

(*a*) from opening his establishment between such hours for the purpose of receiving into the premises vehicles removed from the roadside on account of accidents or break-downs, or

(*b*) from permitting his employees to proceed to the scene of an accident or break-down and to perform at the roadside such repairs as can be performed there without the necessity of removing the vehicle; or

(*c*) from permitting his employees to perform essential work of an emergency nature carried out on behalf of the Government of the Union of South Africa (including the South African Railways and Harbours Administration) or in connection with military or naval services; or

(*d*) from permitting his employees to perform work such as is referred to in paragraph (ii) of the first proviso to sub-section (2) of section 7 within the times therein prescribed.

(2) An employer who undertakes work such as is referred to in paragraphs (*a*) or (*b*) of sub-section (1), shall within 48 hours of his undertaking such work, forward to the Secretary of the Council particulars of such work in the form prescribed in Annexure "D" to this Agreement.

(3) The provision of this section shall not apply to work connected with the parking, storing and/or stabling of vehicles and the sale of petrol but the provisions of this section shall in all other respects apply to work carried on in such establishments.

33. SUPPLY OF UNIFORMS OR OVERALLS.

Where an employee is required by his employer to wear a uniform or an overall this shall be furnished by the employer free of charge.

34. SICK LEAVE.

(1) An employer shall grant to his employee who has completed one month's employment and who is absent from work through sickness or accident, not caused by his own misconduct, other than an accident compensable under the Workmen's Compensation Act, 1941, two weeks' sick leave

28. VERMOEDE.

Dit word beskou dat 'n werknemer in diens van 'n werkgewer is benewens enige tydperk wat hy werklik werk—

(*a*) gedurende enige tydperk wat hy in ooreenstemming met die vereistes van sy werkgewer op of in enige inrigting aanwesig is;

(*b*) gedurende enige ander tydperk wat hy op of in sodanige inrigting aanwesig is;

(*c*) gedurende enige tydperk wat hy toesig het oor enige voertuig wat in die nywerheid gebruik word, of dit bestuur word of nie;

met dien verstande dat as daar bewys word gedurende watter gedeelte van enige sò'n tydperk soos genoem in paragraaf (*b*) of (*c*) enige sodanige werknemer werklik in sy diens gewerk het, die vermoede bewys deur hierdie subartikel nie ten opsigte van daardie werknemer met betrekking tot daardie tydperk van toepassing is nie.

29. UITVOERING VAN OOREENKOMS.

Die Raad is die liggaam wat vir die uitvoering van hierdie Ooreenkoms verantwoordelik is en hy kan vir die leiding van werkgewers en werknemers opinies uitvaardig wat nie met die bepalings daarvan in stryd is nie.

30. DIE ONDERVERHUUR VAN PERSELE.

(1) Tensy die toestemming van die Raad vooraf verkry is, mag geen werkgewer enige gedeelte van die perseel wat hy okkupeer en waarin hy enige werk in die motornywerheid uitoefen of uitgeoefen het, laat onderverhuur of toelaat dat dit onderverhuur word aan enige ander persoon met die doel dat sodanige persoon enige werk verrig in verband met die motornywerheid.

(2) As enige werkgewer op datum van bekendmaking van hierdie Ooreenkoms enige gedeelte van die perseel wat hy okkupeer aldus onderverhuur het aan enige ander persoon in die motornywerheid, moet sodanige werknemer die Raad binne 30 dae in kennis stel en aansoek doen om die Raad se toestemming.

(3) Die toestemming van die Raad genoem in hierdie artikel kan na goeddunke van die Raad verleen of geweier word.

31. DIENSBEËINDIGING.

'n Werkgewer of werknemer moet minstens een volle werkdag vooraf die diens opsê om 'n dienskontrak te beëindig, met dien verstande dat dit geen inbreuk maak nie op—

(*a*) die reg van 'n werkgewer of werknemer om die diens sonder diensopsegging te beëindig om enige goeie rede deur die Wet as voldoende beskou;

(*b*) enige ooreenkoms tussen die werkgewer en werknemer wat voorsiening maak vir 'n langer tydperk van diensopsegging as een dag, as die tydperk dieselfde is vir die werkgewer en werknemer;

met dien verstande egter dat 'n werkgewer 'n werknemer 'n bedrag in kontant kan betaal gelyk aan die tydperk van diensopsegging.

32. BEDRYFSURE.

(1) Geen werknemer mag sy inrigting laat oop bly of toelaat dat dit oop bly vir besigheid wat gespesifiseer is as binne die woordbepaling van motornywerheid tussen 6.15 nm. en 8 vm. op enige dag vanaf Maandae tot en met Vrydae of van 12-uur middag op Saterdae tot 8 vm. op Maandae nie; met dien verstande dat niks in hierdie artikel 'n werkgewer sal verhoed om—

(*a*) sy inrigting tussen sodanige ure te open ten einde voertuie op die perseel te ontvang wat van die pad verwyder is weens ongeval of defekte; of

(*b*) sy werknemers toe te laat om na die plek van die ongeval of waar die defek voorgekom het te gaan en om op die pad sodanige herstelwerk te verrig as wat daar gedoen kan word sonder dat dit nodig is om die voertuig te verwyder; of

(*c*) sy werknemers toe te laat om noodsaaklike werk van 'n ernstige aard te verrig wat namens die Regering van die Unie van Suid-Afrika uitgevoer word (met inbegrip van die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens) of in verband met militêre of marinedienste; of

(*d*) sy werknemers toe te laat om werk te verrig soos dié waarna in paragraaf (ii) van die eerste voorbehoudsbepaling by subklousule (2) van artikel 7 verwys word en wel binne die tye wat daarin voorgeskryf is.

(2) 'n Werkgewer wat werk onderneem soos dié genoem in paragrawe (*a*) of (*b*) van subartikel (1) moet binne 48 uur nadat hy sodanige werk onderneem, aan die Sekretaris van die Raad besonderhede van sodanige werk stuur in die vorm voorgeskryf in Aanhangsel "D" van hierdie Ooreenkoms.

(3) Die bepaling van hierdie artikel is nie van toepassing op die werk van parkeer, opberg en/of huisves van voertuie en die verkoop van petrol nie, maar die bepalings van hierdie artikel is in alle ander opsigte van toepassing op werk wat in sodanige inrigtings voortgesit word.

33. VERSKAFFING VAN UNIFORMS OF OORPAKKE.

Waar 'n werkgewer van sy werknemer vereis om 'n uniform of oorpak te dra, moet dit deur die werkgewer kosteloos verskaf word.

31. SIEKTEVERLOF.

(1) 'n Werkgewer moet aan sy werknemer wat een maand diens voltooi het en wat weens siekte of ongeval afwesig is, nie deur sy eie wangedrag veroorsaak nie, behalwe 'n ongeval waarvoor skadeloosstelling ingevolge die Ongevallewet, 1941, betaalbaar is, twee weke siekteverlof in die geheel toestaan

in the aggregate during any one year of employment with him and shall pay him in respect of each work day thereof, an amount not less than—

(*a*) in the case of an establishment in which a six day week is observed, one sixth;

(*b*) in the case of an establishment in which a five day week is observed, one-fifth;

of the weekly wage which he was receiving immediately before the commencement of such leave: Provided that the employer may require the production of a certificate signed by a registered medical practitioner in respect of each period of absence for which payment is claimed.

Signed at East London on behalf of the parties on this 10th day of November, 1943.

A. LATIMER,
Chairman of the Council.

H. KALLAWAY,
Vice-Chairman of the Council.

J. A. MCMILLAN,
Secretary of the Council.

gedurende enige afsonderlike jaar diens by hom en moet aan hom ten opsigte van elke werkdag daarvan 'n bedrag betaal van minstens—

(*a*) een-sesde in die geval van 'n inrigting waarin 'n sesdaagse week nagekom word;

(*b*) een-vyfde in die geval van 'n inrigting waarin 'n vyfdaagse week nagekom word,

van die weeklikse loon wat hy onmiddellik voor die aanvang van sodanige verlof ontvang het; met dien verstande dat die werkgewer die vertoning van 'n sertifikaat kan eis wat deur 'n geregistreerde geneesheer onderteken is, ten opsigte van elke afwesigheidstydperk waarvoor betaling verlang word.

Onderteken in Oos-Londen namens die partye hede die 10de dag van November 1943.

A. LATIMER,
Voorsitter van die Raad.

H. KALLAWAY,
Ondervoorsitter van die Raad.

J. A. MCMILLAN,
Sekretaris van die Raad.

ANNEXURE "A".

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY (EAST LONDON).

TO THE SECRETARY,
INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY,
P.O. BOX 65, EAST LONDON.

DEAR SIR,

Please find contributions amounting to £_____:___:___ as detailed below, for the period ending_____194___

Adress_____ Name_____

Name of Employee.	Occupation.	Rate of Wages.	Number of Weeks Employed in month of	Contributions to Council Funds for Month of		Employees' Subscriptions to Union Funds for Month of			
				Employee.	Employer.	Week Ending.			

AANHANGSEL „A".

„INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY (EAST LONDON)".

AAN DIE SEKRETARIS,
„INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR INDUSTRY",
POSBUS 65, OOS-LONDEN.

MENEER,

Ingeslote vind u bydraes tot die bedrag van £_____:___:___, besonderhede waarvan hieronder aangegee word, oor die tydperk eindigende_____194___

Adres_____ Naam_____

Naam van werknemer.	Beroep.	Loonskaal.	Getal weke gewerk gedurende die maand	Bydraes tot fondse van die Raad vir die maand		Werknemers se ledegelde aan fondse van die vakvereniging vir die maand			
				Werknemer.	Werkgewer.	Week eindigende			

ANNEXURE "B".

Notice required under section 16 of the Industrial Agreement for the Motor Industry (East London).

HOURS OF WORK.

The hours of work in this establishment will, until further notice, be:—

Employees under section 4 (1) (*a*).

Day Shift—

Mondays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Tuesdays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Wednesdays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Thursdays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Fridays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Saturdays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.

Night Shift—

Mondays	p.m. to	a.m.
Tuesdays	p.m. to	a.m.
Wednesdays	p.m. to	a.m.
Thursdays	p.m. to	a.m.
Fridays	p.m. to	a.m.
Saturdays	p.m. to	a.m.

Employees under section 4 (1) (*b*), (*c*), (*d*) *and* (*e*).

Day Shift—

Mondays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Tuesdays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Wednesdays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Thursdays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Fridays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.
Saturdays	a.m. to	p.m.	p.m. to p.m.

Night Shift—

Mondays	p.m. to	a.m.
Tuesdays	p.m. to	a.m.
Wednesdays	p.m. to	a.m.
Thursdays	p.m. to	a.m.
Fridays	p.m. to	a.m.
Saturdays	p.m. to	a.m.
Sundays	p.m. to	a.m.

NOTE.—This notice is in addition to any requirements necessary under the Factories Act.

Any hours worked in excess of the above shall be considered as overtime.

AANHANGSEL „B".

Kennisgewing vereis ingevolge artikel 16 van die „Industrial Agreement for the Motor Industry (East London)".

WERKURE.

Die werkure in hierdie inrigting is tot nader kennisgewing as volg:—

Werknemers ingevolge artikel 4 (1) (*a*).

Dagskof—

Maandae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Dinsdae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Woensdae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Donderdae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Vrydae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Saterdae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.

Nagskof—

Maandae	nm. tot	vm.
Dinsdae	nm. tot	vm.
Woensdae	nm. tot	vm.
Donderdae	nm. tot	vm.
Vrydae	nm. tot	vm.
Saterdae	nm. tot	vm.

Werknemers ingevolge artikel 4 (1) (*b*), (*c*), (*d*) *en* (*e*).

Dagskof—

Maandae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Dinsdae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Woensdae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Donderdae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Vrydae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.
Saterdae	vm. tot nm.	nm.	tot nm.

Nagskof—

Maandae	nm. tot	vm.
Dinsdae	nm. tot	vm.
Woensdae	nm. tot	vm.
Donderdae	nm. tot	vm.
Vrydae	nm. tot	vm.
Saterdae	nm. tot	vm.
Sondae	nm. tot	vm.

L.W.—Hierdie kennisgewing moet geskied afgesien van enige vereiste van die Fabriekswet.

Ure langer gewerk as bostaande word as oortyd beskou.

ANNEXURE " C ".

Notice required under section 10 (2) (a) (v) of the Industrial Agreement for the Motor Industry (East London):

No.....

HOLIDAY LEAVE PAY VOUCHER.

Date.....19.....

This form to be sent with remittance to the Secretary of the Industrial Council for the Motor Industry (East London), P.O. Box 65, East London.

Name of employer.....
Name of employee.....
Address of employee.....
Occupation..... Union No.....
Number of months.....from.....to.....
Amount enclosed herewith £.....:.....:.....
Signature of employee.....
Date ceased work.....

ANNEXURE " D ".

Notice required under section 32 of the Industrial Agreement for the Motor Industry (East London).

Date.....19.....

1. Trade name of firm.....
2. Address of firm.....
3. Information regarding *removal of vehicle / work performed. Date.....
Time..... Place.....
4. Name of employee/s employed.....
5. Capacity in which employed.....
6. Nature of operation.....
7. Registration No. of motor vehicle.....

Signature.....

To:
Secretary,
Industrial Council for the Motor Industry (East London),
P.O. Box 65, East London.

* Delete whichever is inapplicable.

✱ No. 2368.] [24 December 1943.

FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK ACT, 1941.—MOTOR INDUSTRY, EAST LONDON AND KING-WILLIAMSTOWN.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, acting in terms of sub-section (1) of section *twenty-two* of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, hereby declare the provisions of the Agreement and notice relating to the Motor Industry, published under Government Notice No. 2367 of the 31st December, 1943, to be not less favourable to the persons whose hours of work are regulated thereby than the relative provisions of the said Act.

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

✱ No. 2369.] [31 December 1943.

MEMBERSHIP.—APPRENTICESHIP COMMITTEE.

It is hereby notified for general information that, in terms of section *eleven* of the Apprenticeship Act, 1922, as amended, the following persons have been appointed members and alternate members of the undermentioned Apprenticeship Committee:—

PIETERMARITZBURG ELECTRICAL, MECHANICAL AND MOTOR ENGINEERING APPRENTICESHIP COMMITTEE.

Chairman: John Fraser.

EMPLOYERS.

Members.	*Alternate Members.*
C. R. Hallé,	J. Methley Currie,
J. E. Orme,	A. Collins,
E. A. Wood,	
H. F. Spencer,	
E. A. Geraghty,	W. J. O'Meara,

EMPLOYEES.

Members.	*Alternate Members.*
T. N. Gutridge,	C. H. Adey,
F. M. Pratt,	R. S. Mitchell,
S. Hardman,	
D. Meade,	
J. Steele,	

for the period 28th November, 1943, to 27th November, 1946.
(C. 1069/4/3.)

✱ No. 2370.] [31 December 1943.

UNEMPLOYMENT BENEFIT ACT, 1937, AS AMENDED.—UNEMPLOYMENT BENEFIT FUND FOR THE CHEMICAL AND ALLIED INDUSTRIES.

NOTICE FIXING DATE FROM WHICH CONTRIBUTIONS BECOME PAYABLE.

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, in terms of sub-section (1) of section *thirty-four* of the Unemployment Benefit Act, 1937 (Act No. 25 of 1937, as amended by Act

AANHANGSEL „ C ".

Kennisgewing vereis ingevolge artikel 10 (2) (a) (v) van die „ Industrial Agreement for the Motor Industry (East London) ".

No.....

VERLOFBETALINGBEWYS.

Datum.....19.....

Hierdie vorm moet tesame met betaling aan die Sekretaris van die „ Industrial Council for the Motor Industry (East London) ", Posbus 65, Oos-London, gestuur word.

Naam van werkgewer.....
Naam van werknemer.....
Adres van werknemer.....
Beroep.....Vakvereniging No.....
Getal maande.....van.....tot.....
Bedrag hierby ingesluit £.....:.....:.....
Handtekening van werknemer.....
Datum waarop hy opgehou het met werk.....

AANHANGSEL „ D ".

Kennisgewing vereis by artikel 32 van die „ Industrial Agreement for the Motor industry (East London) ".

Datum.....19.....

1. Handelsnaam van firma.....
2. Adres van firma.....
3. Inligting in verband met *verwydering van voertuig / verrigte werk. Datum..... Tyd..... Plek.....
4. Naam van werknemer/s in diens.....
5. Hoedanigheid waarin in diens.....
6. Aard van werk.....
7. Registrasienommer van motorvoertuig.....

Handtekening.....

Aan:
Sekretaris,
„Industrial Council for the Motor Industry (East London) ", Posbus 65, Oos-London.

* Skrap wat nie van toepassing is nie.

✱ No. 2368.] [24 Desember 1943.

WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK, 1941.—MOTORNYWERHEID, OOS-LONDEN EN KING-WILLIAMSTOWN.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, handelende ingevolge subartikel (1) van artikel *twee-en-twintig* van die Wet op Fabrieke, Masjinerie en Bouwerk, 1941, verklaar hierby dat die bepalings van die Ooreenkoms en kennisgewing in verband met die Motornywerheid bekendgemaak by Goewermentskennisgewing No. 2367 van 31 Desember 1943, nie ongunstiger vir die persone is nie wie se werksure daarby gereël word as die ooreenstemmende bepalings van genoemde Wet.

WALTER B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

✱ No. 2369.] [31 Desember 1943.

LIDMAATSKAP.—KOMITEE VIR VAKLEERLINGE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat, ingevolge artikel *elf* van die Vakleerlingen Wet, 1922, soos gewysig, ondergenoemde persone as lede en plaasvervangende lede van ondervermelde Komitee vir Vakleerlinge aangestel is:—

KOMITEE VIR VAKLEERLINGE IN DIE ELEKTROTEGNIESE, WERKTUIGKUNDIGE EN MOTORINGENIEURSNYWERHEDE, PIETERMARITZBURG:

Voorsitter: John Fraser.

WERKGEWERS.

Lede.	*Plaasvervangende Lede.*
C. R. Hallé,	J. Methley Currie,
J. E. Orme,	A. Collins,
E. A. Wood,	
H. F. Spencer,	
E. A. Geraghty,	W. J. O'Meara,

WERKNEMERS.

Lede.	*Plaasvervangende Lede.*
T. N. Gutridge,	C. H. Adey,
F. M. Pratt,	R. S. Mitchell,
S. Hardman,	
D. Meade,	
J. Steele,	

vir die tydperk vanaf 28 November 1943 tot 27 November 1946.
(C. 1096/4/3.)

✱ No. 2370.] [31 Desember 1943.

WERKLOOSHEIDBYSTANDSWET, 1937, SOOS GEWYSIG.—WERKLOOSHEID-BYSTANDSFONDS VIR DIE CHEMIESE EN VERWANTE NYWERHEDE.

KENNISGEWING WAT DIE DATUM BEPAAL MET INGANG WAARVAN BYDRAES BETAALBAAR WORD.

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, bepaal hierby, kragtens subartikel (1) van artikel *vier-en-dertig* van die Werkloosheidbystandswet, 1937 (Wet No. 25 van 1937,

No. 17 of 1942), hereby fix the 3rd day of January, 1944, as the date from which contributions to the Unemployment Benefit Fund for the Chemical and Allied Industries shall be paid in respect of employers and contributors in the Union of South Africa.

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

✱ No. 2384.] [31 December 1943.

INDUSTRIAL CONCILIATION ACT, 1937.

MOTOR VEHICLE DRIVING OCCUPATION (CAPE).

I, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister of Labour, do hereby—

(*a*) in terms of sub-section (1) of section *forty-eight* of the Industrial Conciliation Act, 1937, declare that all the provisions of the Agreement which appears in the Schedule hereto and which relates to the Motor Vehicle Driving Occupation (other than in connection with the transportation of passengers) shall be binding from the 10th day of January, 1944, and for the period ending the 9th day of April, 1944, upon the employers' organisations and trade union which entered into the said Agreement and upon the employers and employees who are members of those organisations or that union;

(*b*) in terms of sub-section (2) of section *forty-eight* of the said Act, declare that the provisions contained in clauses 1 to 12 (inclusive) and 15 to 19 (inclusive) of the said Agreement shall be binding from the 10th day of January, 1944, and for the period ending the 9th day of April, 1944, upon the other employers and employees engaged or employed in the said occupation in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown and Bellville; and

(*c*) in terms of sub-section (4) of section *forty-eight* of the said Act, declare that in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown and Bellville and from the 10th day of January, 1944, and for the period ending the 9th day of April, 1944, the provisions contained in clauses 3 to 12 (inclusive), 15 and 17 to 19 (inclusive) of the said Agreement shall *mutatis mutandis* apply in respect of such persons as are not included in the definition of the expression "employee" contained in section *one* of the said Act.

WALTER B. MADELEY,
Minister of Labour.

SCHEDULE.

INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR VEHICLE DRIVING OCCUPATION (OTHER THAN IN CONNECTION WITH THE TRANSPORTATION OF PASSENGERS), CAPE.

AGREEMENT

in accordance with the provisions of the Industrial Conciliation Act, 1937, made and entered into by and between the

Cape Peninsula Commercial Employers' Organization;
Association of Road Mechanical Transport Owners

(hereinafter called "the employers" or "the employers' organizations"), of the one part, and the

Motor Lorry Drivers' Union (Cape)

(hereinafter called "the employees" or "the trade union"), of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Motor Vehicle Driving Occupation (other than in connection with the transportation of passengers), Cape.

1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT.

The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial Districts of the Cape, Wynberg, Simonstown and Bellville, by all employees employed in the Motor Vehicle Driving Occupation as in the Agreement defined, and by all employers of such employees who are members of the trade union or employers' organizations, as the case may be.

2. PERIOD OF OPERATION OF AGREEMENT.

This Agreement shall come into operation on such date as may be specified by the Minister in terms of section *forty-eight* of the Act, and shall remain in force for one year or for such period as may be determined by him.

3. DEFINITIONS.

Any expressions used in this Agreement which are defined in the Industrial Conciliation Act, 1937, shall have the same meanings as in that Act, and any reference to an Act shall include any amendment of such Act; further, unless inconsistent with the context—

"Act" means the Industrial Conciliation Act, 1937;

"Council" means the Industrial Council for the Motor Vehicle Driving Occupation (other than in connection with the transportation of passengers), Cape;

"casual driver" means an employee who is employed, by the same employer, as a driver on not more than two days in any one week;

"driver" shall, in respect of a motor vehicle, refer to the person having control of the steering apparatus thereof, who may in addition perform other duties;

"essential service" means the conveyance of fresh produce such as milk, meat, vegetables, and flowers, and the conveyance of floral decorations, and other delivery services considered by the Council to be essential;

sooos gewysig by Wet No. 17 van 1942), die 3de dag van Januarie 1944 as die datum met ingang waarvan bydraes aan die Werkloosheid-bystandsfonds vir die Chemiese en Verwante Nywerhede ten opsigte van werkgewers en bydraers in die Unie van Suid-Afrika betaal moet word.

WALTER B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

✱ No. 2384.] [31 Desember 1943.

NYWERHEID-VERSOENINGSWET, 1937.

MOTORVOERTUIG-BESTUURSBEROEP (KAAP).

Ek, WALTER BAYLEY MADELEY, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

(*a*) kragtens subartikel (1) van artikel *ag-en-veertig* van die Nywerheids-versoeningswet, 1937, dat al die bepalings van die Ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn en wat betrekking het op die Motorvoertuig-bestuursberoep (behalwe dié in verband met die vervoer van passasiers) vanaf die 10de dag van Januarie 1944, en vir die tydperk wat eindig op die 9de dag van April 1944, bindend is op die werkgewers-organisasies en vakvereniging wat genoemde Ooreenkoms aangegaan het en op die werkgewers en werknemers wat lede is van daardie organisasies of daardie vereniging;

(*b*) kragtens subartikel (2) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 1 tot en met 12 en 15 tot en met 19 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 10de dag van Januarie 1944, en vir die tydperk wat eindig op die 9de dag van April 1944, bindend is op die ander werkgewers en werknemers betrokke by of in diens van genoemde beroep in die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad en Bellville; en

(*c*) kragtens subartikel (4) van artikel *ag-en-veertig* van genoemde Wet dat die bepalings vervat in klousules 3 tot en met 12, 15 en 17 tot en met 19 van genoemde Ooreenkoms vanaf die 10de dag van Januarie 1944, en vir die tydperk wat eindig op die 9de dag van April 1944, in die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad en Bellville, *mutatis mutandis* van toepassing is ten opsigte van persone wat nie by die woordomskrywing van die uitdrukking „werknemer" vervat in artikel *een* van genoemde Wet ingesluit is nie.

WALTER B. MADELEY,
Minister van Arbeid.

BYLAE.

„INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE MOTOR VEHICLE DRIVING OCCUPATION (OTHER THAN IN CONNECTION WITH THE TRANSPORTATION OF PASSENGERS), CAPE."

OOREENKOMS

ingevolge die bepalings van die Nywerheid-versoeningswet, 1937, gemaak deur en aangegaan tussen die

„Cape Peninsula Commercial Employers' Organization"
„Association of Road Mechanical Transport Owners"

(hierna genoem „die werkgewers" of „die werkgewers-organisasies") aan die een kant, en die

„Motor Lorry Drivers' Union (Cape)"

(hierna genoem „die werknemers" of „die vakvereniging"), aan die ander kant,

wat die partye is by die „Industrial Council for the Motor Vehicle Driving Occupation (other than in connection with the transportation of passengers), Cape".

1. BESTEK VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Die bepalings van hierdie Ooreenkoms moet nagekom word in die magistraatsdistrikte die Kaap, Wynberg, Simonstad en Bellville, deur alle werknemers in diens by die Motorvoertuig-bestuursberoep, soos in die Ooreenkoms bepaal, en deur alle werkgewers van sodanige werknemers wat lede is van die vakvereniging of werkgewersorganisasies, na gelang van die geval.

2. TERMYN VAN TOEPASSING VAN OOREENKOMS.

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op sodanige datum as wat die Minister ingevolge artikel *ag-en-veertig* van die Wet mag bepaal en bly van krag vir een jaar of vir sodanige termyn as wat by mag vasstel.

3. WOORDBEPALINGS.

Alle uitdrukkings wat in hierdie Ooreenkoms gebesig word en waarvan die betekenis in die Nywerheid-versoeningswet, 1937, bepaal is, het dieselfde betekenis as in daardie Wet; by verwysing na 'n Wet is ook enige wysiging van sodanige Wet inbegrepe; en verder tensy dit in stryd is met die samehang, beteken—

„Wet", die Nywerheid-versoeningswet, 1937;

„Raad", die „Industrial Council for the Motor Vehicle Driving Occupation (other than in connection with the transportation of passengers), Cape";

„los bestuurder", 'n werknemer in diens by dieselfde werkgewer as 'n bestuurder op hoogstens twee dae in enige afsonderlike week;

„bestuurder", ten opsigte van 'n motorvoertuig, die persoon wat beheer oor die stuurapparaat daarvan het wat verder ander pligte kan nakom;

„noodsaaklike diens", die vervoer van vars produkte soos melk, vleis, groente en blomme en die vervoer van blomversierings en ander afleweringsdienste wat deur die Raad as noodsaaklik beskou word;

" hourly rate " shall mean the weekly wage divided by 48;
" load " means—

(*a*) the maximum weight expressed in terms of lb., which a motor vehicle is authorised to carry, or which any motor vehicle known as a " mechanical horse " is authorised to haul or which any body or trailer used in connection with such " mechanical horse " is authorised to carry, in terms of any motor carrier certificate or certificate of exemption from obligation to take out such motor carrier certificate issued in terms of the Motor Carrier Transportation Act (Act No. 39 of 1930) and the regulations promulgated thereunder, or any amendments to such Act; or

(*b*) any ascertained carrying capacity determined by the Industrial Council or by any authority or person appointed by the Industrial Council in terms of section 4 (1) (*e*) and (*f*) of this Agreement;

(*c*) if a pay-load higher that that assessed under (*a*) or (*b*) above is painted on a vehicle that pay-load shall be the load of that vehicle;

" motor vehicle " means any vehicle self-propelled by mechanical power (excluding tram cars, trolley-buses and two-wheeled vehicles) used for the conveyance or haulage or delivery of goods of any description other than agricultural produce of a farmer grown or produced by the farmer himself, when conveyed direct from his farm by such farmer or his employees, but shall not include a vehicle used for the conveyance of samples to any place to exhibit them if such samples are neither delivered to some other person nor sold;

" motor vehicle driving occupation " means the driving of motor vehicles (other than those used for the conveyance of passengers), whether for hire or reward, or as incidental to the business of the owner or user of such vehicle, but excluding the driving of motor vehicles in connection with the following industries:—

Baking and Confectionery, Biscuit Manufacturing, Leather, Brewing, Building, Engineering and Motor Engineering, and Printing and Newspaper, Furniture Manufacturing, Laundering, Cleaning and Dyeing, and Tea, Coffee and Chicory;

" piece-work " means any system of work under which an employee's earnings are based on the weight or volume or number of the articles or goods conveyed or on the number of journeys undertaken or on mileage covered;

" trailer " means any conveyance attached to and drawn by a motor vehicle but does not include the first conveyance attached to and drawn by a tractor or by a " mechanical horse "

4. WAGES.

(1) (*a*) Subject to the provisions of paragraphs (*b*), (*c*) and (*g*) of this sub-section and of sub-sections (2) and (3) of this section of this Agreement, an employer shall pay weekly wages as hereunder set forth, and no employee shall accept wages lower than those so specified:—

Drivers of Motor Vehicles—	*Per Week.*		
carrying or authorised to carry a load of 16,001 lb. and over	£6	0	0
carrying or authorised to carry a load of 14,001 lb. up to 16,000 lb.	5	10	0
carrying or authorised to carry a load of 12,001 lb. up to 14,000 lb.	5	0	0
carrying or authorised to carry a load of 10,001 lb. up to 12,000 lb.	4	10	0
carrying or authorised to carry a load of 8,001 lb. up to 10,000 lb.	4	0	0
carrying or authorised to carry a load of 6,001 lb. up to 8,000 lb.	3	10	0
all other motor vehicles	3	3	0

Drivers of motor vehicles carrying petrol in bulk shall be paid 10 per cent. (ten per cent.) extra on the wages above specified.

Casual drivers shall be paid when driving motor vehicles—	*Per Hour.* s.	d.
carrying or authorised to carry a load of 16,001 lb. and over	2	6
carrying or authorised to carry a load of 14,001 lb. up to 16,000 lb.	2	3½
carrying or authorised to carry a load of 12,001 lb. up to 14,000 lb.	2	1
carrying or authorised to carry a load of 10,001 lb. up to 12,000 lb.	1	10½
carrying or authorised to carry a load of 8,001 lb. up to 10,000 lb.	1	8
carrying or authorised to carry a load of 6,001 lb. up to 8,000 lb.	1	5½
all other motor vehicles	1	3¾

in respect of each hour or part of an hour so employed. Provided that a casual driver shall be paid on any one day a minimum of four hours pay even though the number of hours he works on that day is fewer than four.

(*b*) (i) Subject to the approval of the Council employers engaged in the conveyance of sand and/or lime and/or cement and/or bricks and/or building blocks and/or stone to buildings under construction and/or building sites and/or road construction works may pay an employee who during any one week is employed as a driver exclusively in one or

„ uurloon ", die weeklikse loon gedeel deur 48;
„ vrag "—

(*a*) die maksimum gewig (uitgedruk in lb.) wat 'n motorvoertuig mag dra of wat enige motorvoertuig genoem in „ meganiese perd " mag trek, of wat enige bak of sleepwa gebruik in verband met sodanige „ meganiese perd " mag dra, ingevolge enige motortransportsertifikaat of 'n vrystellingsertifikaat van verpligting om so'n motortransportsertifikaat uit te neem, uitgereik ingevolge die bepalings van die Motortransportwet (Wet No. 39 van 1930) en die regulasies ingevolge die Wet uitgevaardig of enige wysigings van sodanige Wet; of

(*b*) enige vasgestelde vragvermoë wat deur die Nywerheidsraad of enige owerheid of persoon ingevolge artikel 4 (1), (*e*) en (*f*) van hierdie Ooreenkoms aangestel, bepaal is;

(*c*) as 'n betalende vrag hoër as dié vasgestel onder (*a*) of (*b*) hierbo op 'n voertuig geskilder is, is daardie betalende vrag die vrag van daardie voertuig;

„ motorvoertuig ", enige voertuig wat deur die meganiese krag voortbeweeg word (behalwe trems, trollliebusse en tweewielvoertuie) wat vir die vervoer of sleep van goedere van enige aard gebruik word, behalwe 'n boer se landbouprodukte wat deur die boer self gekweek of geproduseer is wanneer dit deur sodanige boer of sy werknemers regstreeks van sy plaas vervoer word, maar met uitsondering van 'n voertuig gebruik vir die vervoer van monsters na die een of ander plek om dit ten toon te stel as sodanige monsters nie aan 'n ander persoon afgelewer of verkoop word nie;

„ motorvoertuig-bestuursberoep ", die bestuur van motorvoertuie (behalwe dié wat gebruik word vir die vervoer van passasiers) hetsy in verband met verhuur of vir beloning of gepaard gaande met die bedryf van die dienaar of gebruiker van sodanige voertuig, waarby die bestuur van motorvoertuie in verband met die volgende nywerhede egter uitgesluit is:—

Bak- en Banketbakkery, Beskuitvervaardiging, Leerbedryf, Brou, Boubedryf, Ingenieurs- en Motoringenieurswerk, Druk- en Nuusbladbedryf, Meubelvervaardiging, Wassery, Skoonmaak en Klear, Tee, Koffie en Sigorei;

„ stukwerk ", enige werkstelsel waarvolgens die lone van 'n werknemer gebaseer word op die gewig of volume of aantal artikels of goedere wat vervoer word of op die aantal reise wat onderneem of op die afstand wat afgelê word;

